higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T80**(A)**(A1)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N2

(11010102)

1 Augustus 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Kandidate sal tekeninstrumente benodig.

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N2
TYD: 3 UUR
PUNT: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verduidelik kortliks die begrip ruboog ('rough arch'). (3)

1.2 Noem VIER vereistes vir 'n loopvorm ('running mould'). (4)

1.3 Noem VIER verbande waarvolgens betonstraatstene gelê kan word. (4)

1.4 Noem VYF verskillende tipe boë wat algemeen in Suid-Afrikaanse boukonstruksie gebruik word. (5)

1.5 Watter materiale kan gebruik word om betonboublokke te vervaardig? (2)

[18]

VRAAG 2

2.1 Teken volgens skaal 1:10, die afwisselende planlae van 'n tweesteen, geïsoleerde pyler ('pier') in Engelse verband. (8)

2.2 Toon, deur middel van sketse, die vooraansig van 'n muur wat in Engelse – en Vlaamse verband, gebou is. (8)

2.3 Noem DRIE verskillende rigtings vanwaar vog deur die mure van 'n gebou kan binnedring. (3)

[19]

VRAAG 3

3.1 Noem die TWEE standaardgroottes waarin pleisterbord verskaf word. (2)

3.2 Beskryf kortliks hoe houtwolplatblokke vervaardig word. (4 × 2) (8)

3.3 Definieer die volgende begrippe:

3.3.1 Pilaster

3.3.2 Pyler

3.3.3 Kolom

(3 × 2) (6)

3.4 Verduidelik die begrip *terrazzo*. (4)

[20]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik kortliks die verskil tussen die volgende:

4.1.1 Binnemetaalbelatting

4.1.2 Buitemetaalbelatting

(2 × 2) (4)

4.2 Noem VIER metodes vir die nabehandeling van beton. (4)

4.3 Toon die geometriese afwerking van 'n driesenterboog met 'n spanwydte van 1 000 mm en 'n styggang van 350 mm. Toon AL die konstruksielyne.

Gebruik skaal 1:10. (12)

[20]

VRAAG 5

5.1 Noem VIER voordele van die gebruik van 'n holmuurkonstruksie in vergelyking met 'n soliede buitemuur. (4)

5.2 Kies 'n item/woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.2.1	Stryk die binnekant van 'n skoorsteengang met kalksementdagha	A	wydte
5.2.2	'n Verspande of onverspande vrydraerbalk	B	kraanbalk
5.2.3	Helling vanaf die loodlyn; na spits	C	terughelling
5.2.4	Die kurwe in die vorm van 'n segmentboog	D	kromming
5.2.5	Laer gedeelte van die entablement	E	argitraaf
5.2.6	Boonste gedeelte van die kolom	F	kapiteel
5.2.7	Die afskorting/afmeting tussen die twee skoorsteengange in dieselfde bundelskoorsteen	G	sierpleister
		H	register
		I	binnepleister

(7 × 1) (7)

[11]

VRAAG 6

6.1 Noem VYF eksterne faktore wat kan veroorsaak dat 'n skoorsteen rook. (5)

6.2 Noem SEWE steierwerkdele wat in die konstruksie van onafhanklike steierwerk gebruik word. (7)

[12]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou